PREEKNOTA

Datum: 08/10/2023

1. Hoekom sê mense hierdie?

Romeine 2:2 (DB) [2]God weet wat ons almal doen. Omdat Hy die ware feite tot sy beskikking het, sal Hy eendag die regte uitspraak oor ons almal lewer.

2. Wat is die konteks van "God slaap nie?"

Romeine 2:1-2 (DB) [1]Al hierdie mense is op pad na die doderyk. Maar dit gee jou natuurlik nie die reg om links en regs oor ander te oordeel nie. Op die ou end is jy net so skuldig soos hulle. Jy wat so maklik die vinger na ander mense wys, doen jy nie maar presies dieselfde dinge as hulle nie? [2]God weet wat ons almal doen. Omdat Hy die ware feite tot sy beskikking het, sal Hy eendag die regte uitspraak oor ons almal lewer.

➡ ***God is die regter, maar dit beteken nie dat as jy 'n kind van God is, jy reg is nie.***

3. Wat is die gevare van verkeerde denke oor "God slaap nie?"

A) Jy gebruik dit om ander te manipuleer en jy kan self sondig.

Matteus 7:1-5 (DB) [1]"Moenie so gou foutvind nie. [2]As jy ander mense links en regs veroordeel, gaan God eendag presies dieselfde met jou doen. [3]"Waarom is jy so haastig om foute in ander mense se lewe uit te snuffel terwyl jy blind is vir al die sondes in jou eie lewe? Waarom sien jy so gou die kleinste splintertjie in jou vriend se oog raak terwyl jy blind is vir die groot houtstomp wat in jou eie oog vassit? [4]En dan waag jy dit so ewe om vir jou vriend te sê: 'My ou broer, kom laat ek gou daardie splintertjie uit jou lewe wegvat sodat jy weer reg kan leef,' maar jy sien nie die groot foute in jou eie lewe raak nie. [5]Jou skynheilige! Haal eers die houtstomp uit jou eie oog uit, dan sal jy goed genoeg kan sien om daardie klein splintertjie uit jou vriend se oog te haal.

B) Jy gebruik dit om God te laat inpas by jou waarheid.

Matteus 8:23-27 (NLV) [23]Jesus het toe in die skuit geklim en sy dissipels het Hom gevolg. [24]Skielik het daar 'n hewige storm oor die see opgekom sodat reuse golwe oor die boot gebreek het. Maar Jesus het gelê en slaap. [25]Hulle gaan maak Hom toe wakker en sê: "Here, red ons! Dis klaar met ons!" [26]Maar Jesus sê vir hulle: "Waarom is julle so verskrik? Is julle geloof dan regtig so klein?"Daarna het Hy opgestaan, die winde en die see streng aangespreek en daar het 'n groot kalmte gekom. [27]Die dissipels was oorweldig. "Watter soort mens is Hy dat selfs die winde en die see na Hom luister?"

4. Hoe bly ek by die waarheid van "God slaap nie?"

a) Tussen ongelowiges.

Matteus 7:6 (DB) [6]"Wees versigtig wanneer julle tussen mense is wat geen respek vir God het nie. Hulle verstaan glad nie hoe groot en heilig Hy is nie. Moenie julle tyd mors om met hulle oor God te praat nie. Soos 'n trop varke sal hulle sy goedheid onder hulle voete vertrap. Boonop gaan hulle julle ook nog beledig en vervolg."

b) Tussen gelowiges.

Galasiërs 6:1-3 (DB) [1]My broers en susters, as ander gelowiges aan die een of ander sonde toegee, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, hulle dadelik reghelp. Bring hulle terug op die regte pad sonder om hulle te veroordeel. Tree vol deernis op. Maar pas op sodat julle self nie voor die sonde swig nie. [2]Sien raak wanneer ander gelowiges swaarkry en help hulle. Tel hulle probleme op julle skouers en dra dit vir hulle. So doen julle presies wat Christus van julle verwag. Dit is immers sy wet dat julle mekaar moet liefhê. [3]As julle dink dat julle te belangrik is om vir ander mense om te gee, begryp julle net mooi niks van die evangelie nie.

5. In jou moeilike tye, onthou wie God is.

Romeine 8:28-30 (NLV) [28]En ons weet dat God alles ten goede laat saamwerk vir hulle wat Hom liefhet, hulle wat geroep is volgens sy doel vir hulle lewe. [29]Want God het hulle reeds vooruit geken, en Hy het hulle aangewys om net soos sy Seun te word. Op hierdie manier sal Christus Jesus die oudste seun wees, omring deur baie broers en susters. [30]Dié wat Hy vooruit aangewys het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, aan hulle het Hy heerlikheid gegee.

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube
asook op **IFM 102.2** en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za

KONTAKPERSONE:

Gemeentepredikant:
MARIUS MALAN - 082 804 0436
marius@kg.org.za

Gemeenteleteurder:
RIAAN PELSER - 082 775 7147
riaan@kg.org.za

Faktotum:
ANDRÉ VAN DER WALT - 073 960 9499
andre@kg.org.za

PREDIKANTE:

13 - 18 jaar:
KATIE REIMERS
016 004 0016 I katie@kg.org.za

FRANCO PIENAAR
074 885 2511 I franco@kg.org.za

19 - 29 jaar: TOMMIE ARPIN
082 342 6245 I tommie@kg.org.za

30 - 39 jaar: JONATHAN MÜLLER
064 658 6636 I jonathan@kg.org.za

40 - 49 jaar: EDOHAN BURGER
084 570 0669 I edohan@kg.org.za

50 - 59 jaar: NICO VAN AS
082 973 3895 I nico@kg.org.za

60 jaar en ouer
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

Hoek van **Ravel**- en **Abrahamstrate**
Mantevrede, Vanderbijlpark
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

KONTANTLOSE BYDRAES

BANKBESONDERHEDE:
kompos Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813846
Takkode: 250 655